View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# JEREMIA EN DIE WOORD IN 'N TYD VAN KRISIS

H.F. van Rooy
Departement Semitiese tale, PU vir CHO

## ABSTRACT

Jeremiah and his work and book have a message for everyone who has to preach the Word of God. He was called to proclaim a message of doom in a time of national crisis. Often he had to oppose the leaders of his people and the people themselves. This paper gives attention to some problems regarding the prophet and his relation to the book of Jeremiah, the times of Jeremiah, the Word in a time of theological and political crisis, the crisis in the life and work of the prophet and the Book of Jeremiah in the context of the crisis of the exile and thereafter. The importance is demonstrated of taking at least a dual address into consideration when studying the Book of Jeremiah, namely the people of the time of Jeremiah and the people of the Babylonian exile.

## 1. INLEIDING

Die profeet Jeremia is 'n figuur wat duidelik behoort te spreek tot elkeen wat te doen het met die verkondiging van die Woord van God of wat na daardie verkondiging luister. Soos hy in die boek van Jeremia geskilder word, het hy 'n duidelike besef van sy roeping gehad, maar ook van wat daardie roeping vir hom inhou. Hy moes meermale direk ingaan teen die koning, die leiers van sy volk, ander profete en die volk self. Sy werk het geskied in 'n tyd van krisis - en sy werk was vir homself 'n krisis. Juis daarom het die boek van Jeremia baie te sè oor die bediening van die Woord in 'n tyd van krisis, soos ook die jare tagtig in Suid-Afrika dikwels getipeer kan word. Hier sal agtereenvolgens aandag gegee word aan besondere probleme rondom die boek van Jeremia, die agtergrond van die optrede van Jeremia, die woord in 'n tyd van teologiese en politieke krisis, die krisis in die lewe van die profeet self en die boek van Jeremia in die krisis van die ballingskap en daarna.

## 2. PROBLEME RONDOM DIE BOEK VAN JEREMIA

Crenshaw (1983) bied 'n goeie oorsig van resente navorsing oor die boek Jeremia. Hierby moet in gedagte gehou word dat verskillende soorte stof in die boek onderskei kan word. In Jeremia 46-51 word profesieë teen die nasies aangetref en Jeremia 52 is 'n historiese aanhangsel. In Jeremia 1-45 word daar vier tipes stof onderskei, wat tradisioneel as A, B, C en D aangedui word. A omvat die digterlike profetiese uitsprake in Jeremia 1-25, B die biografiese verhalende stof in 26-45, C die profetiese uitsprake in Jeremia 1-45 en D die sogenaamde troosboek in Jeremia 30 en 31 (vergelyk Crenshaw 1983:118). Crenshaw wys dan op veral vyf vrae wat vir die navorsing rondom die boek vandag van belang is en waaroor die standpunte soms drasties verskil (Crenshaw, 1983:118). Die vyf vrae kan soos volg geformuleer word:

1. Watter deel van die boek is van Jeremia self afkomstig?
2. Wat is die agtergrond van die ooreenkomste in taal en styl tussen Jeremia en die sogenaamde deuteronomiste (aan wie die finale verwerking van die boeke Josua tot 2 Konings toegeskryf word)?
3. Wie is in die boek aan die woord - Jeremia of die latere gemeenskap?
4. Openbaar die sogenaamde belydenisse van Jeremia wel iets van Jeremia self?
5. Het Jeremia werklik alleen gestaan teenoor die profete van sy tyd?

Hierdie vrae kan miskien gereduseer word tot die basiese vraag na die wedersydse verhouding tussen die profeet en die boek. Hieroor gaan die weë ernstig uiteen. Aan die een uiterste staan die standpunt van iemand soos Carroll, wat onomwonde stel: "The book is not about the historical Jeremiah but represents a multilayered presentation of a prophet from the perspective of later generations" (1981:28). Wat wel grotendeels van Jeremia self kan wees, is die digterlike profetiese uitsprake in 1-25 (1981:9). Dit sluit dus die sogenaamde stof A in. Wat die prosaredes betref, sê hy: "My point is rather that a major poet ... does not use banal prose for the majority of his most important statements" (1981:9). In aansluiting by Albert Schweizer se bekende werk oor die lewe van Jesus wys hy sterk die "quest for the historical Jeremiah" af (1981:25). Vir die latere geslagte het die boek eerder die antwoord op twee belangrike vrae, naamlik "Hoe moet 'n profeet optree

in verskillende omstandighede?" en "Wat is die regte reaksie op die verkondiging van 'n profeet" (1981:28, 29).

Ook Nicholson gaan in die rigting. Hy gee wel plek aan Jeremia se eie uitsprake, maar lê meer klem op die oordrag van die gegewens in die tyd van die ballingskap, waartydens die uitsprake gebruik is en dikwels uitgebrei en ontwikkel is om die veranderde omstandighede van die eksiliese gemeenskap aan te spreek. In hierdie tyd is van die verhalende gedeeltes opgestel, waarin ook die teologiese betekenis van gebeure in Jeremia se lewe en tyd weergegee word. Die finale vorm van die boek moet grotendeels teen die einde van die ballingskap geplaas word (Nicholson, 1970:136). Sy standpunt kan ook mooi raakgesien word in die titel van sy werk: Preaching to the exiles: A study of the prose tradition of Jeremiah.

Aan die ander kant van die spektrum staan iemand soos John Bright, wat verwys na die rykdom van biografiese materiaal in die boek (1976a:333). Blenkinsop sê dat daar meer biografiese materiaal oor Jeremia bekend is as oor enige ander profeet (1984:155). Alhoewel hy ruimte laat vir 'n deuteronomistiese redaksie, oordeel hy dat die belydenisse van Jeremia (B-stof) Jeremia se omstandighede akkuraat reflekteer (1984:157).

Brueggemann het 'n standpunt wat probeer om die middeweg tussen die twee uiterstes te volg en vat sy siening van die verhouding tussen die historiese Jeremia en die weergawe in die boek soos volg saam (1983:132): "We have an imaginative literary construction governed by a powerful person of memory". Hy sien ook 'n teologiese intensie agter die boek, wat dan wel breër gaan as bloot 'n weergawe van dit wat Jeremia in sy eie tyd gedoen, ervaar en gesê het. Die redakteurs van die boek wou Jeremia in die tyd van die ballingskap voorhou as 'n model of paradigma van wat 'n profeet en 'n gelowige is en wat Israel kan wees. So was hulle kreatiewe teoloë wat geloof wou bou in die tyd van Israel se grootste krisis (1983:132).

Op die vraag na die verhouding tussen die boek en die profeet kan dus drie basiese antwoorde gegee word, met verskillende nuanseringe wel moontlik:

1. Die boek is basies biografies ingestel, met 'n getroue weergawe van Jeremia se woorde.
2. Die boek is prediking vir 'n volgende geslag en die historiese Jeremia is nie werklik van belang nie.
3. Die prediking van die boek vir 'n volgende geslag kan nie losgemaak word van dit wat Jeremia gesê en gedoen het nie.

Die oplossing moet in hierdie laaste rigting gesoek word. Dit moet inderdaad aanvaar word dat die boek self sy finale beslag in die tyd van die ballingskap en na die dood van Jeremia gekry het.

Jeremia het ook veel meer gesê, gedoen en ervaar as wat in die boek beskryf word. Dit wat weergegee word, is nie maar bloot oorgelewer om iets interessants oor Jeremia te vertel nie, maar dit is gesien as 'n woord wat vir die volgende geslag van belang is. Jeremia het 'n boodskap gehad vir sy tyd, maar daardie boodskap bly 'n lewende boodskap wat ook gespreek het tot die gemeenskap van die ballingskap, 'n boodskap waarby die Nuwe Testament meermale sterk aangesluit het en wat vandag steeds in 'n tyd van krisis spreek.

## 3. DIE TYD VAN JEREMIA

Omdat die besonderhede oor die tyd van Jeremia geredelik in inleidings tot die Ou Testament of kommentare op Jeremia nageslaan kan word (vergelyk byvoorbeeld Bright, 1976a:315-331, Harrison, 1970:802-808 en Smit, 1965), word hier alleen 'n kort oorsig gegee. Jeremia is waarskynlik gebore in ongeveer 640 v.c. en alhoewel die tyd van sy dood nie seker is nie, kon dit teen ongeveer 580 v.C. of effens later gedateer word. Hy het dus as profeet opgetree in die tyd van konings Josia, Joahas, Jojakim, Jojagin en Sedekia van Juda. In die tyd van Josia het Juda vry geword van Assiriese oorheersing en het Assirië self finaal ondergegaan, nadat Nineve in 612 v.C. ingeneem en verwoes is. Babilonië het as die nuwe grootmoondheid op die voorgrond getree. In die tyd van Josia het ook die bekende groot godsdienstige hervorming plaasgevind. Na die ondergang van Assirië was Juda egter in die spervuur tussen Egipte en Babilonië. Josia is in 609 dood by Megiddo in 'n veldslag teen Egipte. Van 609-605 het Egipte die grootste invloed

op Juda gehad, sodat Joahas self deur Nego afgesit is en Jojakim in sy plek as koning aangestel is. Hy was niks meer as 'n vassal van Egipte nie. In sy tyd het die hervorming van Josia eintlik sy laaste stuiptrekkings gehad. In 605 het Nebukadneser Egipte by Karkemis verslaan en teen 603 was Juda 'n vassal van Babilonië. Jojakim het egter teen 600 teen Nebukadneser gerebelleer, wat in 598 uitgeloop het op 'n aanval op Jerusalem, die inname van Jerusalem en die deportasie van Jojagin, wat Jojakim intussen opgevolg het, na Babilonië in 597. Sedekia is as koning in Jerusalem aangestel. In 589 het hy weer teen Nebukadneser gerebelleer. Hierop is Jerusalem beleër en na agtien maande ingeneem in waarskynlik 587/6 voor Christus. Die stad is ingeneem en verwoes en 'n tweede deportasie het gevolg. Juda het 'n Babiloniese provinsie geword, met Gedalja as goewerneur. Hy is egter spoedig vermoor. Van die oorblywende Judeërs het na Egipte gevlug en Jeremia soontoe saamgeneem, waar hy waarskynlik gesterf het.

Jeremia het dus geleef in 'n tyd waar 'n gelowige koning opgevolg is deur goddelose konings, waarin een wêreldmoondheid ondergegaan het en 'n nuwe op die voorgrond getree het, met fatale gevolge vir Juda. In hierdie tyd moes hy as God se profeet die oordeel aankondig oor die sondes van die volk, 'n oordeel wat voltrek is in die verlies van vryheid, die ondergang van Juda en die vernietiging van Jerusalem en die tempel van die Here in Jerusalem.

## 4. DIE TEOLOGIESE KRISIS

Die teologiese krisis het ten grondslag gelê van die kern van die boodskap wat Jeremia aan die volk van sy tyd gebring het. Veral die koninkryk van Juda is deur sy bestaan heen gedra deur 'n teologie wat basies as optimisties beskryf kan word, wat steeds - selfs in 'n groot krisis - geweldige vertroue in die toekoms geskep het (vergelyk Bright 1976b:140). Hierdie siening van Juda word meermale sterk aan Jerusalem en ook die tempel verbind, met 'n besondere vertroue juis weens die teenwoordigheid van die tempel in Jerusalem. Jeremia se optrede in die verband kan vergelyk word met die optrede van die profeet Miga (vergelyk Clements, 1965:51). Die teologie van Juda het gewentel rondom die verbond met Dawid. Die Here het Sion verkies as sy woonplek en

aan die Dawidiese dinastie onverbreekbare beloftes gemaak van 'n ewige dinastie en van oorwinning oor die vyande (Bright, 1976a:331).

Dit is hierteen dat Jeremia in opstand gekom het. Alhoewel min van sy profetiese uitsprake in die tyd van Josia gedateer kan word, is dit baie waarskynlik dat hy die hervorming van Josia goedgesind was. Hierdie hervorming het verband gehou met 'n ander verbondstradisie as die van Dawid, naamlik die verbond van Sinai. Dit is baie duidelik dat wat die verbond met God betref, daar twee aparte strome was, wat wel nie met mekaar in stryd was nie, maar wat tog duidelik twee patrone vertoon het. Die een patroon word aangetref in die verbond met Abraham en Dawid. Hierin word die klem baie sterk gelê op God se inisiatief en op sy beloftes. Van die mens of volk met wie die verbond gesluit word, word gehoorsaamheid en lojaliteit vereis, maar daar word geensins in besonderheid voorskrifte neergelê wat nagekom moet word nie. In die Sinaitiese verbond, veral soos hernuwe in Deuteronomium, is dit steeds God wat die inisiatief neem en wat genade bewys het, maar daar word 'n groot aantal bepalings neergelê wat die volk moet onderhou. Die behoud van God se genade word hieraan voorwaardelik gemaak. Ongehoorsaamheid lei tot die dood en gehoorsaamheid tot seën. Dit kan baie duidelik gesien word in byvoorbeeld Deuteronomium 28-30.

Die hervorming van Josia het dan hiermee verband gehou. Dit kan byvoorbeeld gesien word in 2 Konings 22-23, waar daar gepraat word van 'n wetboek wat gevind is in die tempel. Hierdie wetboek het eise bevat waaraan die volk gehoorsaam moes wees (2 Kon 22:13). Die volk was ongehoorsaam en daarom het die Here se toorn teen hulle ontvlam (2 Kon 22:13). Die boek word inderdaad die boek van die verbond genoem (2 Kon 23:2 en 3). Dit is natuurlik goed bekend dat hierdie boek deur die sogenaamde kritiese teoloë al lank aan Deuteronomium verbind is. Alhoewel daardie boek nie maar bloot as 'n versinsel uit die sewende eeu voor Christus beskou kan word nie, is dit tog baie waarskynlik dat dit - of 'n groot deel daarvan - wel daardie wetboek was. Dit kan afgelei word uit 'n vergelyking van die gegewens in 2 Konings 22-23 met die inhoud van Deuteronomium. Die ontstaansgeskiedenis van Deuteronomium is 'n probleem op sy eie, maar die belang van die boek in die tyd net voor en gedurende die Babiloniese ballingskap moet erken word.

Alhoewel die twee verbondstradisies aanvullend verstaan moet word, is dit duidelik dat die leiers en volk van Juda in die tyd van Jeremia, veral na die dood van Josia, die bepalings van Sinai verontagsaam het en vasgegryp het aan die beloftes aan Dawid. Wat dus in stryd met mekaar was, was die interpretasie van die volk van die verbond met Dawid en die eise wat God aan die volk voorgehou het. Bright (1976b:171) stel dit soos volg: "Two ways of understanding God's covenant with his people had come to stand in irreconcilable tension with each other". Hierdie spanning het veral na die dood van Josia baie sterk geword. Jojakim veral het, ondersteun deur die heilsprofete, heeltemal gebreek met die verbond by Sinai om eensydig vas te gryp aan die verbond met Dawid - en hierteen het Jeremia al hoe sterker vanuit die Sinaitiese verbond opgetree (vergelyk Sekine, 1959:51). Jeremia het uitgegaan van God se genade soos geopenbaar in die uittog uit Egipte en die inname van die land, maar dit ook verbind aan die bepalings van die verbond (Bright, 1976b:144).

Jeremia se woorde het dus meermale verband gehou met hierdie skeeftrekking van God se beloftes aan Dawid - vergelyk byvoorbeeld Jeremia 8:4-11; 11:1-17; 14:1-18; 26:1-24. Die bekendste uitspraak van hom in die verband is egter die tempelrede van Jeremia 7:1-15, waarin die valse vertroue van die volk ten sterkste ontmasker word. Von Rad vat die boodskap hiervan soos volg saam: "What worth does a shrine have if men who hold Jahweh's commandments in contempt think that they can find security there!" (1975:197). Hierdie rede wys dat die hervorming van Josia spoedig na sy dood vervlugtig het. 'n Uitwendige kultiese vorm baat niks as die verbond self vergeet is nie. Hierdie rede dateer waarskynlik uit 'n tyd vroeg in die regering van Jojakim (Bright, 1976b:163), dalk in die jaar 608 (Overholt, 1970:4-5). Vir 'n volledige bespreking van die gedeelte met die tyd en agtergrond, kan verwys word na Overholt (1970:1-23). Ook Reventlow (1969) het 'n breedvoerige bespreking van die gedeelte, waarin hy wys op die algemene probleme in sulke prosagedeeltes. Hy wil dit ook verbind aan 'n optrede van Jeremia in 608 v.C. (Reventlow, 1969:325-326) en vergelyk die gedeelte breedvoerig met Jeremia 26, waarin gewys word wat die rede vir Jeremia tot gevolg gehad het. Die spanning van Jeremia se tyd en die sekerheidsteologie blyk duidelik uit die gedeelte. Jeremia het geen oomblik gehuiwer om die valse gerustheid in die openbaar te ontmasker

nie. Die valse gerustes was wel bekommerd oor hulle voortbestaan in die beloofde land. Dit was heel te verstane in die lig van die dood van Josia in die vorige jaar, die afsetting van Joahas deur farao Nego en die opkoms van Babilonië. Die mense het sekerheid gesoek, sekerheid ook oor hulle voortbestaan. Die sekerheid het hulle gekry in die optimistiese Dawidsteologie, ondersteun deur die valse profete (Jeremia 7:4). Hierteenoor stel Jeremia die eise van die verbond. Deur die volk se verbondsontrou het hulle die aanspraak op God se genade verloor. Hulle glo dat die Here se genade steeds hulle deel sal wees en dat hulle daarom in die beloofde land sal bly woon. Die Here stel egter duidelik sy voorwaarde: Maak julle paaie en julle dade reg, sodat Ek julle sal laat bly in hierdie plek (Jeremia 7:3). Die gevolg wat die Here verlang, is dat hulle sal bly voortbestaan in die beloofde land, maar dit kan nie sonder gehoorsaamheid aan hulle kant nie. Jeremia het dus nie teruggedeins daarvoor om in die openbaar teen die volk en hulle leiers in te gaan nie. Hy het hulle daarop gewys dat die pad wat God aangedui het, die pad van bekering was (Bright, 1976b:149). Da Silva se bespreking van die gedeelte ly daaronder dat hy nie die spanning tussen twee verbondstradisies in sy verklaring in berekening bring nie (vergelyk veral 1985:219, 222, 227 en 231). Dit is dikwels die krag van die Woord dat dit teen alle menslike verwagtinge en uitsprake kan ingaan om God se wil voorop te stel. Vir Jeremia self het sy optrede bykans die dood beteken by hierdie geleentheid (vergelyk Jeremia 26) - maar selfs dit kon nie die Woord tot swye bring nie.

Die boek Jeremia bied in meer as een opsig 'n baie goeie voorbeeld van die profetiese proses waaraan Overholt breedvoerig aandag gegee het. Hy wys daarop dat die gesag van die profeet van twee sake afhang, naamlik 'n openbaring van Jahwe aan die een kant en erkenning binne 'n sekere sosiale konteks van ten minste 'n deel van sy gehoor, aan die anderkant (1979:518). In hierdie opsig het Jeremia meermale 'n krisis beleef, juis omdat die volk nie wou erken dat sy boodskap van Jahwe afkomstig was nie. In die profetiese proses onderskei Overholt dan veral drie belangrike elemente, naamlik die bo-natuurlike wat 'n boodskap het, die profeet deur wie die boodskap oorgedra moet word en die gehoor tot wie die boodskap gerig is (1977:132-133). Wat veral belangrik is, is die wisselwerking tussen die drie partye. Ten opsigte van die teologiese krisis is dit duidelik dat die volk Jeremia se boodskap verwerp het.

Jeremia het egter sy boodskap gehandhaaf teen die weerstand van die volk in en so getoon dat hy getrou bly aan sy opdrag.

## 5. DIE POLITIEKE KRISIS

Brueggemann (1983:138-141) onderskei drie sake wat van belang is vir Jeremia se openbare optrede, naamlik dat dit gerig was op die openbare leierskap (koning, priesters, profete), dat hy die politieke geskiedenis gesien het as 'n terrein van God se soewereine optrede en dat hy self baie duidelik standpunt ingeneem het in 'n saak van openbare belang. Hierdie sake is van belang om Jeremia se sogenaamde politieke uitsprake te verstaan - in besonder dit wat verband hou met buitelandse politiek. Dit het veral gegaan oor die verhouding met Egipte en Babilonië. In die tyd na die dood van Josia moes dit baie duidelik gewees het dat Babilonië die opkomende mag was en dat Egipte se mag aan die taan was. Dit het egter nie vir Jojakim aanvanklik en later vir Sedekia daarvan weerhou om teen Babilonië in opstand te kom nie (vergelyk Overholt, 1970:3). Die agtergrond hiervan was wel in 'n groot mate geleë in die valse vertroue van die volk in God se nabyheid waarna reeds verwys is.

Jeremia moes telkens die oordeel aan die volk verkondig, wat dus eintlik ingehou het dat hy gesê het dat die vyande die oorhand oor God se volk sal kry. Dat dit die boodskap was wat hy moes gaan verkondig, het reeds uit sy roeping geblyk (1:14-16). Telkens moes hy vertel van die vyand wat uit die noorde sal kom en wat die oorwinning gaan behaal oor Juda (4:5-31). Vir meer as een koning het hy verkondig dat hulle liewer moes oorgee aan die Babiloniërs, dat opstand en stryd en oorlog tevergeefs is. Dit het hy reeds gedoen in die tyd van Jojakim. 'n Goeie voorbeeld hiervan word aangetref in Jeremia 25:1-14, wat dateer uit die vierde jaar van Jojakom, ongeveer 605 v.C. Daarin is duidelik uitgewys dat Nebukadneser, wat toe pas op die troon gekom het, as straf van die Here teen Juda sal optrek en oorwin. Na die neerlaag teen Nebukadneser in 598/7 v.C. het hy voortgegaan om die oordeel te verkondig, ook aan Sedekia. Die verwagting van die volk dat Jojagin uit ballingskap sal terugkeer, het hy baie skerp afgewys en vir Sedekia daarop gewys dat hulle aan Babilonië onderdanig moet wees (vergelyk Jeremia 27). Hierdie boodskap is ook per brief na die ballinge in Babilonië gestuur (Jeremia

28). In die tyd to Jerusalem weer beleër is - ongeveer 588 v.C. - het Jeremia oorgawe bepleit toe Sedekia die Here deur hom wou raadpleeg (Jeremia 21). In hierdie tyd is die beleg ook tydelik opgesê toe die Babiloniërs gehoor het dat die Egiptenare op pad is om Juda te help. Die volk het wel gehoop dat dit die einde van die beleg sou beteken, maar weer het Jeremia verkondig dat dit 'n ydele hoop was (Jeremia 37:1-10). Hy het Sedekia baie sterk aangeraai om liewer self ook oor te gee (Jeremia 38:14-28).

Jeremia het dus goed raakgesien dat opstand fataal was. Die geskiedenis is in God se hand en weens die sonde en verbondsbreuk van die volk het God hulle oorgelewer in die mag van hulle vyande. Sy volksgenote wou Jeremia as 'n verraaier veroordeel, maar die woord wat hy moes gaan verkondig, het steeds weerklink en ook in vervulling gegaan. Hy het nie gehuiwer om hierdie woord uit te spreek voor konings en hulle howelinge nie, selfs wanneer die dood gedreig het. Die valse vertroue van die volk het 'n valse hoop tot gevolg gehad. Dit het gelei tot optrede teenoor Nebukadneser wat die uiteindelike neerlaag en ellende alleen vergroot het. Jeremia was 'n patriot, maar 'n patriot wat nie geswyg het wanneer hy kon sien dat die volk en die leiers van die volk op 'n pad was wat oor die afgrond die ellende in lei nie.

## 6. DIE KRISIS IN JEREMIA SE EIE LEWE

Van Jeremia sê Bright (1976a:333): "No braver or more tragic figure ever trod the stage of Israel's history than the prophet Jeremiah". Sy woorde het dikwels vir homself vervolging op die hals gehaal. Sy roeping wou soms eintlik vir hom te veel word - maar hy kon daarvan nie wegvlug nie. Sy stryd teen sy eie volk het vir hom meermale 'n stryd met en selfs teen God geword. Vriezen stel dit soos volg (1966:77): "hij brengt maar niet het Woord Gods over, maar worstelt er zelf mee en tevens worstelt hij met God om zijn volk". Ook kan daar meermale in sy woorde 'n geweldige spanning gesien word, tussen sy eie gevoelens en begeertes aan die eenkant en sy dwingende roepingsbesef aan die ander kant (Harrison, 1970:808). Hy het hom een gevoel met die volk in hulle gevaar en met die land in die groot dreiging (Von Rad, 1975:196), maar ten spyte daarvan moes hy steeds sy opdrag uitvoer. Vir die krisis in die profeet

se eie lewe is die sogenaamde belydenisse van Jeremia van besondere belang. Dit getuig van sy worsteling met God, sy smart en die dwang van sy roeping. Daarin word inderdaad sy hart blootgelê (vergelyk Blenkinsop, 1984:157).

Dit was van sy roeping af duidelik dat Jeremia 'n boodskap van oordeel moes gaan verkondig. Daar word wel ook 'n boodskap van genade aangetref, maar die klem lê op oordeel, op straf, op die oproep tot bekering. Tog het die inhoud van sy verkondiging hom nie vreugde aangedoen nie, maar geweldige pyn. Die pyn was selfs 'n fisiese pyn (krampe in sy ingewande, Jeremia 4:19) by die aanhoor van die oorlogkrete wat gepaardgaan met die vervulling van die oordeel. Hy het saam met die volk gely: My volk se wonde is ook my wonde, ek is in die rou, deur angs oorweldig (Jeremia 8:21). Dit het vir hom gevoel asof hy nie genoeg trane het om oor sy volk te huil nie (Jeremia 9:1).

In sy roeping is dit ook aan hom duidelik gemaak dat hy teenstand gaan ervaar. Die Here het gesê dat die hele land, die koningshuis van Juda, al die koning se amptenare, die priesters en die bevolking teen hom sal wees, dat hulle teen hom sal veg (Jeremia 1:18 en 19). Dit het hy geweet, maar nogtans was dit telkens soos 'n swaard deur sy hart. Hy het meermale gevoel soos 'n lam wat ter slagting gelei word (Jeremia 11:19). Dit het vir hom soos vir Asaf gevoel asof die goddelose voorspoedig is terwyl hy moet ly (Jeremia 12:1). Hy kon selfs oordeel afbid oor sy vyande in hierdie worsteling met God en sy roeping (Jeremia 18:18-23). Hy het geweet dat die mense teen hom is weens die boodskap wat hy moes verkondig: Ek is 'n man wat dwarsdeur die land mense moet beskuldig en met hulle moes twis (Jeremia 15:10). Soos Job het hy selfs by geleentheid sy geboortedag en die man wat die boodskap van sy geboorte gebring het, vervloek (20:14-18). God se woord was vir hom 'n vreugde, dit het hom vol verontwaardiging gemaak -maar daarmee saam het die pyn gekom (15:15-18). Hierdeur het daar eintlik stryd gekom tussen hom en God - en God het gewen. As hy praat, is dit net geweld en verdrukking - en daarop volg spot en vernedering vir hom. As hy egter swyg, brand die woord soos vuur in hom. Hy kan daarvan nie loskom nie - en op die ou end gee hy sy saak in God se hande (20:7-13). Daar is reeds verwys na die drie elemente wat Overholt in die profetiese proses onderskei. Jeremia bied ook 'n treffende voorbeeld van die

wisselwerking tussen die profeet en sy Sender. Sy opdrag is soms vir hom te groot, maar hy kan en mag dit nie ontvlug nie. Teen sy weerstand en selfs opstand in word die opdrag gehandhaaf en hy moet dit uitvoer.

Om God se Woord te bring is dus geen goedkoop saak nie. Dikwels gaan dit met spanning gepaard, juis omdat die Woord teen die mens indruis en van die mens offers vra. Die verkondiger van die Woord moet dus ook tot die besef kom dat hierdie Woord veel groter is as hyself - en Jeremia leer hoeveel smart hierdie worsteling kan bring.

## 7. DIE BOODSKAP VAN JEREMIA IN DIE BALLINGSKAP EN DAARNA

Daar is reeds gewys op die vraag na die eintlike adres van die boek van Jeremia. Op hierdie vraag word daar inderdaad verskillende antwoorde gegee. Miskien het dit die meeste sin om in die beantwoording van die vraag aan te sluit by die titel van Crenshaw (1983) se artikel wat 'n oorsig bied oor die navorsing oor Jeremia: "A living tradition". Jeremia as historiese persoon wat 'n duidelike boodskap in sy eie tyd gespreek het, bly die vertrekpunt vir die bestudering van die boek. As die belang van Jeremia egter daar opgehou het, hoekom is sy woorde versamel, gebundel en bewaar? Aan die einde van sy lewe is Jeremia teen sy sin na Egipte geneem waar hy waarskynlik gesterf het. Of sy woorde nou daar versamel is of in Juda, sy woorde is gebundel om daardeur ook 'n boodskap te gee aan diegene wat die ondergang van Juda reeds deurgemaak het. Die gedagte dat Jeremia slegs poëtiese uitsprake nagelaat het en dat 'n digter nie van prosa gebruik sou maak nie, het geen wetenskaplike grond nie. Diegene wat die versamelwerk afgerond het, het sekerlik die mense van hulle eie tyd in gedagte gehad om deur die woorde van Jeremia vir hulle 'n boodskap te gee. Jeremia was tog nie die enigste profeet in daardie tyd wat die Here se Woord verkondig het nie - dink maar aan Uria die seun van Semaja waarvan Jeremia 27:20-23 melding maak, wat dieselfde dinge as Jeremia gesê het. Sy woorde is egter nie vir ons opgeteken nie. Die boodskap wat uit Jeremia se woorde gespreek het tot die volgende geslag, die geslag van die ballingskap, omvat verskillende sake. Dit het die rede duidelik gemaak vir die oordeel wat die volk getref het. Die valse vertroue en volharding

in ontrou word deur Jeremia ontmasker. Dit spreek ook van 'n boodskap van hoop - dink maar aan die nuwe verbond en die verkondiging van 'n ballingskap van sewentig jaar. Die belang van gehoorsaamheid en bekering word onderstreep en die profeet se persoonlike omgang en worsteling met God en sy roeping moet elke gelowige aanspreek. Dit kan aanvaar word dat 'n seleksie gemaak is van stof van Jeremia om hierdie boodskap deur te dra na die geslag van die ballingskap.

Die lewende tradisie hou egter nie daar op nie. Ook in die Nuwe Testament weerklink die woorde van Jeremia. Dink maar aan die nuwe verbond van die eerste nagmaal, waardeur die woorde van Jeremia die eeue oorbrug tot vandag toe.

## 8. SLOT

Ten slotte word as samevatting maar ook met die oog op die eietydse verkondiging van die Woord 'n paar stellings gemaak, met verduideliking by.

1. In die bestudering van die boeke van die Ou Testament is dit natuurlik so dat die historiese agtergrond van elke boek belangrik is. Waaraan egter ook aandag gegee moet word, is die adres tot wie elke boek gerig was.

Hierdie adres van die boek kan natuurlik anders wees as die mense wat in die boek self aan die orde kom. So word byvoorbeeld die geskiedenis van Israel in die boeke Samuel en Konings bespreek om daardeur 'n boodskap te gee waarskynlik vir die mense in die Babiloniese ballingskap. In die profetiese boeke kan daar dus ook 'n dubbele adres wees: diegene tot wie die profeet se woorde gerig was en diegene op wie die versamelde en geskrewe uitsprake gerig was. By Jeremia is die eerste adres grotendeels die leiers van Juda voor en aan die begin van die Babiloniese ballingskap. Die tweede adres is die ballinge self later in die ballingskap.

2. Die Woord van God gaan in teen enige verstarde menslike skema, waarin die mens 'n valse gerustheid vind.

Dit is veral die boodskap van die optrede van Jeremia taanoor die skaafgetrokke Dawidsteologie (of Sionsteologie) van die tyd net voor die Babilonlese ballingskap. Die volk het teen al die sigbare dinge in 'n valse gerustheid geleef, gesus deur die voorspoedsprofete met hulle boodskap van: God is mos aan ons kant. Jeremia wys dat die vraag wat gevra moet word, is: Is ons aan God se kant? 'n Lewe wat ten hemel skrei, kan mos nie gerus wees oor God se troosvolle nabyheid nie.

3. In die openbare verkondiging van die Woord is duidelike standpuntinname 'n noodsaaklikheid.

Hiervoor moet die eie standpunt natuurlik daeglik getoets word, sodat dit nie bloot eie voorkeure is wat voorgehou word nie. Vandag se predikers kry nie hulle opdrag en boodskap op dieselfde wyse as Jeremia nie, en daarom moet daar ook beskeidenheid en versigtigheid wees - maar nie roepingsontduiking nie. As die Woord eis dat daar vierkantig ingegaan moet word teen dit wat gangbaar is, dan moet dit ronduit geskied. In 'n tyd van krisis moet die Woord leiding gee - al gaan dit teen jou eie grein in.

4. Om die Woord te verkondig is dus geen goedkoop saak nie. Dit gaan dikwels met eie lyding gepaard en met spanning en selfs innerlike weerstand.

Hiervan spreek die weerstand wat Jeremia dikwels moes deurmaak. Hy was 'n patriot wat vir sy volk lief was, maar sy opdrag was 'n boodskap van ondergang en oorgawe. Die grootste patriot is nie noodwendig die een wat vir sy volk sterf nie, maar dikwels die een wat teen dit ingaan wat in die volk verkeerd is. Die lyding van Jeremia en sy worsteling met God spreek duidelik uit sy belydenisse. In sy hart was daar nie vrede met die Woord wat hy moes gaan verkondig nie - maar hy kon nie swyg nie. Indien hierdie spanning tussen 'n prediker se eie gedagtes en wil en God se wil nie daar is nie, kan dit 'n aanduiding wees dat die prediker God se wil aan sy wil aangepas het.

5. God se Woord is 'n lewendige Woord wat gister en vandag en elke dag nuut spreek in 'n nuwe situasie.

Dit is die voorreg van 'n prediker om hiervoor gebruik te word. Dit vra openheid na God toe en selfverloëning - en studie.

## BIBLIOGRAFIE


BLENKINSOP, J. 1984. A history of prophecy in Israel. London : SPCK.

BRIGHT, J. 1976a. A history of Israel. 2nd ed. London : SCM (Old Testament Library.)

BRIGHT, J. 1976b. Covenant and promise. Philadelphia : Westminster.

BRUEGGEMANN, W. 1983. The book of Jeremiah. Portrait of the prophet. Interpretation, 37:130-145.

CARROLL, R.P. 1981. From chaos to covenant: Uses of prophecy in the book of Jeremiah. London : SCM.

CLEMENTS, R.E. 1965. Prophecy and covenant. London : SCM.

CRENSHAW, J.L. 1983. A living tradition. The book of Jeremiah in current research. Interpretation, 37:111-129.

DA SILVA, A.A. 1985. 'n Eksegese van Jeremia 7:1-15. Hervormde Teologiese Studies, 41:208-232.

HARRISON, R.K. 1970. Introduction to the Old Testament. London : Tyndale.

NICHOLSON, E.W. 1970. Preaching to the exiles. A study of the prose tradition in the book of Jeremiah. Oxford : Basil Blackwell.

OVERHOLT, T.W. 1970. The threat of falsehood. A study in the theology of the book of Jeremiah. London : SCM (SBT 2nd series 16.)

OVERHOLT, T.W. 1977. Jeremiah and the nature of the prophetic process. (In Merill, A.L. & Overholt, T.W., eds. Scripture in history and theology. Essays in honor of J.C. Rylaarsdam : 129-150. Pittsburg : Pickwick.

OVERHOLT, T.W. 1977. Commanding the prophets: Amos and the problem of biblical authority. Catholic Biblical Quarterly, 41:517-532.

REVENTLOW, H. Graf. 1969. Gattung und &hdU.berlieferung in der "Tempelrede Jeremias", Jeremia 7 und 26. Zeitschrift für die alttestamentliche Wissenschaft, 81:315-352.

SEKINE, M. 1959. Davidsbund und Sinaibund bei Jeremia. Vetus Testamentum, 9:47-57.

SMIT, E.J. 1965. Die ondergang van die ryk van Juda. Amsterdam (Proefskrif (D. Litt.) - V.U.)

VON RAD, G. 1975. Old Testament theology II. The theology of Israel's prophetic traditions. London : SCM.

VRIEZEN, Th. C. 1966. Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament. 3de druk. Wageningen : Veenman en zonen.